JULIE
1960

# KOERS

DEEL XXVIII — No. 1.

## „DIE GEREFORMEERDE VAANDEL”.

### ’n Woord van Waardering.

Ondergetekende skryf graag, op versoek van die Redaksie, hierdie kort woord van waardering. **Die Gereformeerde Vaandel** het nou oorgegaan in die **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif.** Gedurende jare het dit ’n helder geluid laat hoor en in krisistye die basuin van die Woord van God en van ons belydenis geblaas. Die feit dat daar vandag soveel prys gestel word op die naam „Gereformeeerd” is in nie geringe mate aan die arbeid van die **Gereformeerde Vaandel** te danke. ’n Eresaluut aan die manne wat onverskrokke die pen gehanteer het. Die ondergetekende blaai nog dikwels deur die jaargange van hierdie blad wanneer hy een of ander saak moet naspeur.

Die nuwe teologiese blad, wat daar besonder keurig uitsien en goed geredigeer word, kan vanselfsprekend nie die plek van die **Vaandel** inneeh nie, omdat laasgenoemde, veral in sy eerste stadia, populêr van aard was. Ons wil hoop en vertrou dat daar in N.G. kringe iets van dieselfde aard mag verskyn. Tegelykertyd — ’n woord van hartlike welkom aan die **N.G. Teologiese Tydskrif.**

S. DU TOIT.